B

# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT
# BELEID T.O.V. KLEINBOERE

## 1. Inleiding

Die Nasionale Regering is tans besig met 'n program waarvolgens grond herverdeel word onder die voorheen benadeelde mense van Suid-Afrika met die oogmerk om historiese ongeregtighede uit die weg te ruim en reg te stel. Verskillende programme word geloods om uitvoering te verleen aan die beginsel van herverdeling. Die plan vir die landbougebiede in Suid-Afrika staan bekend as HERVERDELING VAN GROND VIR LANDBOU ONTWIKKELING, of kortweg HGLO.

Hierdie program se hoof oogmerk is die vestiging van voorheen benadeelde mense op landbougrond ten einde doeltreffende boere op hul eie grond te word. Die oogmerke is die vestiging van benadeelde groepe / individue in landelike gebiede op hul eie plase, groot of klein ten einde hul lewens standaard te verhoog en sodoende ekonomiese volhoubare boere op hul eie grond te kan word. Dit behels die vestiging, die produksie en die verkoop van hul produkte. Die belangrikste beginsel wat hier gehandhaaf moet word is volhoubare ekonomiese bemagtiging.

## 2. Die rol en funksie van die munisipaliteit binne die proses van die vestiging van kleinboere

2.1 Die Raad is volgens Wetgewing verplig om vir die totale diensgemeenskap 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan daar te stel wat voorsiening maak vir die ekonomiese beplanning en bemagtiging van die inwoners van sy diensgebied. Hierdie beplanning sluit in deelname prosesse asook deelname strukture in soverre dit die beplanningsproses en die uitvoering van projekte betref.

Hierdie verantwoordelikheid behels die volgende :

- 'n Duidelike ontleding van die huidige stand van ontwikkeling binne die plaaslike gemeenskap op alle terreine.

- Die beskikbaarheid van hulpbronne wat insluit die ruimtelike element van geografie en grond wat dan ook die landelike gebied insluit .

- Die identifisering van behoeftes en die ontwikkeling van projekte ten einde die behoeftes te kan aanspreek.

- Die uitvoering van hierdie projekte hetsy by wyse van direkte projekbestuur of as 'n fasiliteerder ten einde projekte te realiseer of as 'n rolspeler binne die uitvoering van projekte.

- Die hersiening van die GOP op 'n gereelde grondslag ten einde die vordering met implementering te bepaal en die aanspreek van nuwe behoeftes of die her-prioritisering van bestaande behoeftes.

- Die Raad het 'n kritiese rol in die identifisering en benutting van alle hulpbronne. Dit behels deelname aan inisiatiewe en programme wat deur ander organisasies en staatsdepartemente gedryf word.

2.2 Ten opsigte van kleinboere het die Raad die volgende rol en funksie om te vervul :

- 'n Deeglike ontleding van die ekonomiese omstandigheid van die inwoners van die munisipale diensgebied.

- Skakeling met die Departement van Landbou en Grondsake ten einde inisiatiewe van dié Departement te integreer met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die Munisipaliteit.

- Samewerking met amptenare en ander funksionarisse van die Departement van Landbou en Grondsake op projekte wat tans aan die gang is of wat nog in 'n beplannings stadium verkeer.

- Die Raad het 'n duidelike fasiliteringsrol wat insluit die beskikbaarstelling van sy stelsels en administrasie ten einde die lewensvatbaarheid van projekte te help verseker.

- Die verrekening van die behoeftes van kleinboere nie net binne die GOP nie maar wel ook binne die ROR.

- Die ordelike en sistematiese beplanning van die benutting van beskikbare grond asook die verkryging van nuwe grond of die identifisering van potensiële grond d.m.v. die ROR.

- Hulp met die administrasie van gebruiks veranderinge en die proses van die ophef van gebruiks beperkinge soos vervat in die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) en die hantering van aansoeke in die verband.

- Die ondersteuning van kleinboere ten einde hul te begelei deur die baie ingewikkelde proses van die aanskaf en die ontwikkeling van grond.

- Deur hierdie hele proses word die Raad se verantwoordelikheid weereens bevestig as 'n rolspeler en fasiliteerder en nie as die finale alleen verantwoordelike instansie nie.

## 3. Die beginsels van die vestiging van kleinboere

3.1 Alle vestiging sal plaasvind binne die raamwerk van bestaande en nuwe wetgewing soos die Voorsiening van Grond en Ondersteunings Wet, 1993 (Wet 126 van 1993) asook wetgewing wat die bestaande Onderverdeling van Landbougrond Wet, 1970 (Wet 70 van 1970) moet vervang ten einde die onderverdeling van grond te bespoedig en moontlik te maak.

3.2 Alle kleinboere moet toegerus word met die nodige kennis, vaardighede en hulpbronne ten einde hul ekonomiese aktiwiteit lewensvatbaar te maak. Dit beteken praktiese en sinvolle besigheidsplanne wat geskik is vir die bepaalde omgewing en tipe boerdery.

3.3 Die beginsel dat bestaande grond soos deur die ROR geïdentifiseer word of is in ekonomiese eenhede met 'n bepaalde lewensvatbaarheid opgedeel moet word.

3.4 Die beginsel dat kleinboere nie as bestaansboere moet funksioneer nie maar hul produkte in die hoofstroom van die ekonomie van die dorp en omgewing moet bemark en sodoende hul bydrae te kan lewer tot die plaaslike ekonomie.

## 4. Die benutting van bestaande munisipale meentgronde

4.1 Die meentgronde moet deeglik geëvalueer word ten opsigte van bestaande en toekomstige gebruiksmoontlikhede deur middel van die ROR.

4.2 Die bestaande kontraktuele ooreenkomste moet ook verreken word wat betref die verhuring van die grond.

4.3 Die beginsel dat grond ekonomies en lewensvatbaar verdeel moet word bly steeds 'n primêre vereiste.

4.4 Die ondersteuning en samewerking van die Departement Landbou en Grondsake asook die Provinsiale Departemente moet in hierdie proses as krities beskou word.

## 5. Samevattend

5.1 Die Raad beskou hom self as 'n rolspeler en 'n belangegroep in die proses van die vestiging van kleinboere.

5.2 Die Raad voorsien 'n rol van fasiliteerder asook die ondersteuning van projekte in die verband deur middel van stelsel en administratiewe ondersteuning.

5.3 Die Raad voorsien die integrering van projekte wat kleinboere en die vestiging daarvan betref as deel van die groter Geïntegreerde Ontwikkelingsplan asook die Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk wat vir die totale munisipale diensgebied opgestel en geïmplementeer word.